(*c*) a copy of the list has been deposited with a proper officer before the ship proceeds to sea.

APPÈLLE.

4. Wanneer daar 'n geskil ontstaan tussen 'n gesagvoerder of 'n eienaar van 'n skip en 'n seeman in verband met die betaling van vergoeding of die bedrag daarvan, word die saak, indien nodig, na die bevoegde beampte vir beslissing verwys. Indien die gesagvoerder, eienaar of seeman nie tevrede is met die beslissing van die bevoegde beampte nie, word die saak voorgelê aan die Direkteur, wie se beslissing finaal is.

APPEALS.

4. Whenever a dispute arises between a master or an owner of a ship and a seaman in regard to the payment of compensation or the amount thereof, the matter shall, if necessary, be referred to the proper officer for decision. If the master, owner or seaman is not satisfied with the decision of the proper officer, the matter shall be submitted to the Director whose decision shall be final.

LEWENSVERLIES.

5. In 'n geval waar 'n seeman sy lewe verloor weens skipbreuk, verlies of verlating van 'n skip waarop hy in diens was, word vergoeding vir die verlies van sy eiendom op die basis waarvoor in regulasie 3 voorsiening gemaak word, deur die eienaar van die skip aan die oorledene se familiebetrekking betaal.

LOSS OF LIFE.

5. In the event of a seaman losing his life by reason of the wreck, loss or abandonment of a ship on which he was employed, compensation on the basis provided for in regulation 3 for the loss of his property shall be paid by the owner of the ship to the deceased seaman's near relative.

BYLAE A.

SKAAL VAN MAKSIMUM VERGOEDING VIR VERLIES VAN PERSOONLIKE EIENDOM, INSTRUMENTE, TEGNIESE BOEKE EN GEREEDSKAP.

(*a*) Skepe op vreemde vaart, kusvaarders van 100 of meer bruto-registerton, en walvisvaarders (uitgesonderd walvisvaarders met landbasis):—

Rang of gradering.	*Persoonlike eiendom.*	*Instrumente, Tegniese boeke en gereedskap.*
	£ s. d.	£ s. d.
Gesagvoerder	225 0 0	70 0 0
Hoof-ingenieuroffisier	175 0 0	60 0 0
Gediplomeerde offisiere (behalwe gesagvoerder en hoof-ingenieuroffisier), sjirurge, betaalmeesters (passasierskepe), radio-offisiere (eerste- en tweedeklas), senior ingenieuroffisiere (verkoeling) en senior elektrotegniese ingenieuroffisiere (gediplomeerd of ongediplomeerd), waar meer as een ingenieur-offisier (sowel vir verkoeling as elektrotegnies) aan boord in diens is	150 0 0	50 0 0
Ongediplomeerde offisiere, betaalmeesters (vragskepe), assistent-betaalmeesters, ongediplomeerde ingenieur-offisiere (eiehandig, of junior verkoeling, of elektrotegnies), leerling-offisiere en kadette	125 0 0	30 0 0
Timmerman, loodgieter, bootsman, hulpmasjinis, en ander dek- en masjienkamer-onderoffisiere	70 0 0	Timmerman 25 0 0
		Loodgieter 15 0 0
Kwartiermeester	65 0 0	—
Bootsman-maat en lamptremmer	65 0 0	—
Seemanne	60 0 0	—
Smeerder, stoker, tremmer en soortgelyke gradering	50 0 0	—
Dekseun	40 0 0	—
Verversingsafdeling:—		
(i) Passasierskepe—		
Hoofkelner	150 0 0	—
Tweede-kelner, sjef of hoofkok	125 0 0	—
Ander volwasse-graderings	70 0 0	—
Seuns	40 0 0	—
(ii) Ander skepe—		
Hoofkelner (vragskip met akkommodasie vir twaalf passasiers)	125 0 0	—
Hoofkelner (ander skepe behalwe bogenoemde skepe)	110 0 0	—
Hoofkok	70 0 0	—
Tweede-kok	60 0 0	—
Tweede-kelner	65 0 0	—
Ander volwasse-graderings	60 0 0	—
Seuns	40 0 0	—

(*b*) Kusvaarders van minder as 100 bruto-registerton, vissersbote, robbevaarders en walvisvaarders met landbasis:—

Gesagvoerder	150 0 0	50 0 0
Stuurman	100 0 0	20 0 0
Bootsman	65 0 0	—
Ongediplomeerde offisiere, met inbegrip van leerling-offisiere en kadette	65 0 0	20 0 0
See-masjinis	100 0 0	50 0 0
Assistent-see-masjinis	50 0 0	—
Seemanne	40 0 0	—
Smeerder, stoker, tremmer en soortgelyke gradering	30 0 0	—
Dekseun	20 0 0	—
Kok	40 0 0	—
Kelner	30 0 0	—
Radio-offisier	75 0 0	30 0 0

ANNEXURE A.

SCALE OF MAXIMUM COMPENSATION FOR LOSS OF PERSONAL EFFECTS, INSTRUMENTS, TECHNICAL BOOKS AND TOOLS.

(*a*) Foreign-going ships, coasting ships of 100 or more gross register tons, and whaling boats (other than shore-based whaling boats):—

Rank or Rating.	*Personal Effects.*	*Instruments, Technical Books and Tools.*
	£ s. d.	£ s. d.
Master	225 0 0	70 0 0
Chief engineer officer	175 0 0	60 0 0
Certificated officers (except master and chief engineer officer), surgeons, pursers (passenger liners), radio officers (first and second-class), senior refrigerating engineer officers and senior electrical engineer officers (certificated or uncertificated) where more than one refrigerating engineer officer or electrical engineer officer is carried	150 0 0	50 0 0
Uncertificated officers, pursers (cargo liners), assistant pursers, uncertificated single-handed or junior refrigerating or electrical engineer officers, apprentice-officers and cadets	125 0 0	30 0 0
Carpenter, plumber, boatswain, donkeyman, and other deck and engineroom petty officers	70 0 0	Carpenter 25 0 0 Plumber 15 0 0
Quartermaster	65 0 0	—
Boatswain's mate and lamptrimmer	65 0 0	—
Seamen	60 0 0	—
Greaser, fireman, trimmer and similar rating	50 0 0	—
Deck boy	40 0 0	—
Catering department:—		
(i) Passenger ships—		
Chief steward	150 0 0	—
Second steward, chef or chief cook	125 0 0	—
Other adult ratings	70 0 0	—
Boys	40 0 0	—
(ii) Other ships—		
Chief steward (cargo liner with accommodation for 12 passengers)	125 0 0	—
Chief steward (other than above)	110 0 0	—
Chief cook	70 0 0	—
Second cook	60 0 0	—
Second steward	65 0 0	—
Other adult ratings	60 0 0	—
Boys	40 0 0	—

(*b*) Coasting ships of less than 100 gross registered tons, fishing, sealing and shore-based whaling boats:—

Master	150 0 0	50 0 0
Mate	100 0 0	20 0 0
Boatswain	65 0 0	—
Uncertificated officers, including apprentice-officers and cadets	65 0 0	20 0 0
Marine engineman	100 0 0	50 0 0
Assistant marine engineman	50 0 0	—
Seamen	40 0 0	—
Greaser, fireman, trimmer and similar rating	30 0 0	—
Deck boy	20 0 0	—
Cook	40 0 0	—
Steward	30 0 0	—
Radio officer	75 0 0	30 0 0

No. 1125 (Unie).] [26 Julie 1957.

MARINE-AFDELING.

Onderstaande ontwerp-regulasies voorgestel om kragtens die bepalings van paragraaf (xviii) van subartikel (1) van artikel *driehonderd ses-en-vyftig*, gelees saam met artikel *eenhonderd vier-en-vyftig* van die Handelskeepvaartwet, 1951 (Wet No. 57 van 1951), uitgevaardig te word, word hierby vir algemene inligting gepubliseer. Persone wat kommentaar wil lewer of aanbevelings wil doen, kan hulle aan die Kommissaris van Doeane en Aksyns, Marine-afdeling, Posbus 376, Pretoria, op of voor 30 September 1957 deurstuur.

Hierdie regulasies handel oor nooddruftige seelui.

INHOUD.

1. Opskrif van hierdie regulasies.
2. Woordbetekenis.
3. Vorm vir aansoek om noodleniging of repatriasie.
4. Tydsgrens waarin aansoek gedoen kan word.
5. Klere en mediese onkoste.
6. Hoe daar met nooddruftige seelui gehandel word.
7. Hoe daar vir die terugstuur van 'n nooddruftige seeman voorsiening gemaak word.
8. Verpligting van gesagvoerders van Suid-Afrikaanse skepe om nooddruftige seelui te vervoer.
9. Vervoer deur skepe uitgesonderd Suid-Afrikaanse skepe.
10. Tuishawe moet gespesifiseer word.
11. Endossement op ooreenkoms met die bemanning en uitreiking van vervoerorder.
12. Optrede deur bevoegde beampte op plekke op pad na tuishawe.
13. Passaattariewe en ander toelaes.
14. Seelui wat gered word.
15. Vreemde seelui.
16. Seelui wat verstandelik gekrenk is.
17. Seelui by besmette hawens.
18. Sekere gevalle van siekte en besering.
19. Seelui wat skipbreuk gely het.
20. Verstekelinge.

Bylae A.—Aansoek om as 'n nooddruftige seeman behandel te word. (Vorm M. 44.)

Bylae B.—Order vir die vervoer van 'n nooddruftige seeman. (Vorm M. 45.)

OPSKRIF VAN HIERDIE REGULASIES.

1. Hierdie regulasies heet die regulasies betreffende nooddruftige seelui.

WOORDBETEKENIS.

2. Enige verwysing in hierdie regulasies na uitdrukkings of woorde wat in de Handelskeepvaartwet, 1951, voorkom, moet, tensy uit die samehang anders blyk, uitgelê word volgens die betekenis by die Wet daaraan gegee.

No. 1125 (Union).] [26 July 1957.

MARINE SECTION.

The following draft regulations proposed to be made under the provisions of paragraph (xviii) of sub-section (1) of section *three hundred and fifty-six* read with section *one hundred and fifty-four* of the Merchant Shipping Act, 1951 (Act No. 57 of 1951), are hereby published for general information. Any person who wishes to make any comments or suggestions may submit them to the Commissioner of Customs and Excise, Marine Section, P.O. Box 376, Pretoria, on or before the 30th September, 1957.

These regulations deal with distressed seamen.

CONTENTS.

1. Title of these Regulations.
2. Interpretation.
3. Form of Application for relief or repatriation.
4. Limitation of Time in which to Apply.
5. Clothing and Medical Expenses.
6. Manner of Dealing with Distressed Seamen.
7. Mode of Providing for Return.
8. Obligation of Masters of South African Ships to Convey Distressed Seamen.
9. Conveyance by Ships Other than South African Ships.
10. Return Port to be Specified.
11. Endorsement on Agreement with the Crew and Issue of Conveyance Order.
12. Action of Proper Officer at Places en Route.
13. Rates of Passage and Other Allowances.
14. Rescued Seamen.
15. Foreign Seamen.
16. Seamen Mentally Deranged.
17. Seamen at Infected Ports.
18. Certain Cases of Illness and Injury.
19. Shipwrecked seamen.
20. Stowaways.

Annexure A.—Application to be Treated as a Distressed Seaman. (Form M. 44.)

Annexure B.—Order for the Conveyance of a Distressed Seaman. (Form M. 45.)

TITLE OF THESE REGULATIONS.

1. These regulations are called the Distressed Seamen's Regulations.

INTERPRETATION.

2. Any reference in these regulations to words or phrases which occur in the Merchant Shipping Act, 1951, unless the context indicates otherwise, shall be construed as having the meaning assigned to them in that Act.

[LET WEL.—Onderstaande woordbepalings wat in die Wet verskyn, word vir Algemene inligting aangehaal:—
Artikel *twee.*

„ Direkteur " die Direkteur van Handelskeepvaart wat kragtens artikel *vyf* aangestel is;

„ geneesheer ",—

(*a*) by 'n plek in die Unie, iemand wat as sodanig ingevolge die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers, 1928 (Wet No. 13 van 1928), geregistreer is; of

(*b*) by 'n plek buite die Unie, iemand wat ingevolge die Wet wat op daardie plek van krag is, geregtig is om sodanig te praktiseer;

„ eienaar " iemand aan wie 'n skip of 'n aandeel in 'n skip behoort;

*„ bevoegde beampte ", die beampte wat deur die Minister aangewys is as die bevoegde beampte by die plek en ten opsigte van die saak waarna verwys word in die bepaling in hierdie Wet waarin die uitdrukking voorkom; of as geen sodanige aanwysing gemaak is nie—

(*a*) by 'n plek in die Unie, die hoofdoeanebeampte;

(*b*) by 'n plek buite die Unie maar in 'n deel van die Statebond, die persoon aan wie kragtens die Wet wat in daardie deel van die Statebond van krag is, die amp toevertrou is of die plig opgelê is waarna verwys word in die bepaling van hierdie Wet waarin die uitdrukking voorkom; of as daar geen sodanige persoon is nie, die persoon wat in paragraaf (*c*) van hierdie omskrywing aangedui word; of

(*c*) by 'n plek buite die Statebond in die volgende volgorde:—

(i) 'n konsulêre verteenwoordiger van die Unie; of
(ii) 'n diplomatieke verteenwoordiger van die Unie; of
(iii) 'n konsulêre verteenwoordiger van 'n land (behalwe die Unie) wat lid is van die Statebond; of
(iv) 'n diplomatieke verteenwoordiger van 'n land (behalwe die Unie) wat lid is van die Statebond;

„ tuishawe ", in verband met 'n gesagvoerder, seeman of leerling-offisier wat ontslaan of agtergelaat is,—

(*a*) die hawe waar die gesagvoerder, seeman of leerling-offisier in diens geneem is; of

(*b*) 'n hawe in 'n land waarin die gesagvoerder, seeman of leerling-offisier gedomisilieer is; of

(*c*) 'n hawe wat as sodanig deur die gesagvoerder, seeman of leerling-offisier aangeneem word,

na gelang die bevoegde beampte beslis.

Artikel *eenhonderd vier-en-vyftig:*

(*a*) „ nooddruftige seeman " ook 'n gesagvoerder, seeman of leerling-offisier—

(i) wat 'n Suid-Afrikaanse burger is en wat vanweë sy ontslag uit diens op of sy agterlating deur of vanweë die skipbreuk van 'n skip (behalwe 'n Suid-Afrikaanse skip) op 'n plek buite die Unie, op daardie plek in nood verkeer; of

(ii) wat, hetsy hy 'n Suid-Afrikaanse burger is al dan nie, vanweë sy ontslag uit diens op of agterlating deur of die skipbreuk van 'n Suid-Afrikaanse skip op 'n plek buite die Unie, op daardie plek in nood verkeer;

* Die voorneme bestaan om die Minister se magtiging te verkry om die volgende beamptes as „ bevoegde beamptes " in die Unie aan te wys:—

Te Kaapstad en Durban: Die Hoofbeampte van die Marine-opnemingskantoor.

Te Port Elizabeth en Oos-Londen: Die Koopvaardymeester.

Te Mosselbaai, Port Nolloth, Luderitz en Walvisbaai: Die Ontvanger van Doeane.

[NOTE.—The following definitions which appear in the Act are quoted for information:—
Section *two:*

" Director " means the Director of Merchant Shipping appointment under section *five;*

" medical practitioner " means—

(*a*) at a place in the Union, a person registered as such under the Medical, Dental and Pharmacy Act, 1928 (Act No. 13 of 1928); or

(*b*) at a place outside the Union, a person who is entitled to practise as such under the law in force in that place;

" owner " means any person to whom a ship or a share in a ship belongs;

* " proper officer " means the officer designated by the Minister to be the proper officer at the place and in respect of the matter to which reference is made in the provision of this Act in which the expression occurs; or if no such designation has been made—

(*a*) at a place in the Union, the chief officer of customs; or

(*b*) at a place outside the Union but within a part of the Commonwealth, the person who, in terms of the law in force in that part of the Commonwealth, is entrusted with the function or burdened with the duty to which reference is made in the provision of this Act in which the expression occurs; or if there be no such person, the person indicated in paragraph (*c*) of this definition; or

(*c*) at a place outside the Commonwealth, in the following order:—

(i) A consular representative of the Union; or
(ii) a diplomatic representative of the Union; or
(iii) a consular representative of a country (other than the Union) which is a member of the Commonwealth; or
(iv) a diplomatic representative of a country (other than the Union) which is a member of the Commonwealth;

" proper return port ", in relation to a master, seaman or apprentice-officer discharged or left behind, means—

(*a*) the port at which the master, seaman or apprentice-officer was engaged; or

(*b*) a port in a country in which the master, seaman or apprentice-officer is domiciled; or

(*c*) a port agreed to as such by the master, seaman or apprentice-officer,

as decided by the proper officer.

Section *one hundred and fifty-four:*

(*a*) " distressed seaman " includes any master, seaman or apprentice-officer—

(i) who is a South African citizen and who by reason of having been discharged or left behind from or shipwrecked in any ship other than a South African ship at a place outside the Union, is in distress at that place; or

(ii) whether he is a South African citizen or not, who, by reason of having been discharged or left behind from or shipwrecked in any South African ship at a place outside the Union, is in distress at that place;

* It is proposed to seek the Minister's authority to designate the following officers as " proper officers " in the Union:—

At Cape Town and Durban: The Principal Officer of the Marine Survey Office.

At Port Elizabeth and East London: The Shipping Master.

At Mossel Bay, Port Nolloth, Luderitz and Walvis Bay: The Collector of Customs.

(*b*) „onkoste van repatriasie" onkoste wat opgeloop is met die terugstuur van 'n nooddruftige seeman na 'n tuishawe en met die verskaffing aan hom van noodige klere en onderhoud tot sy aankoms by bedoelde hawe, en ook, in die geval van 'n skipbreukeling-seeman, die terugbetaling van onkoste opgeloop met sy vervoer na 'n hawe na skipbreuk en sy onderhoud onderwyl hy aldus vervoer word; en

(*c*) „uitgesonderde onkoste" onkoste van repatriasie wat opgeloop is in gevalle waar die oorsaak van die agterlating van die seeman drosting is of afwesigheid sonder verlof of gevangenisstraf weens wangedrag of ontslag uit diens op sy skip deur 'n seehof op grond van wangedrag.]

VORM VIR AANSOEK OM NOODLENIGING OF REPATRIASIE.

3. As 'n nooddruftige seeman noodleniging nodig het of verlang om gerepatrieer te word of sowel noodleniging as repatriasie verlang, moet hy binne drie maande na die datum waarop hy ontslaan of agtergelaat is of skipbreuk gely het, aansoek doen om sodanige noodleniging of repatriasie of om sowel noodleniging as repatriasie deur vorm M. 44 wat in Bylae A uiteengesit word, te voltooi.

TYDSGRENS WAARIN AANSOEK GEDOEN KAN WORD.

4. 'n Persoon wat versuim om aansoek te doen binne die tydsgrens wat in regulasie 3 bepaal word, is nie geregtig tot oorweging ooreenkomstig die bepalings van hierdie regulasies nie.

KLERE EN MEDIESE ONKOSTE.

5. Aan nooddruftige seelui moet, indien nodig, klere en beddegoed verskaf word, maar nie 'n groter hoeveelheid as wat absoluut vereis word nie. Die Klere wat verskaf word, moet van die gehalte wees wat die seeman normalerwys dra. Mediese sorg en medisyne moet voorsien word wanneer dit nodig is.

HOE DAAR MET NOODDRUFTIGE SEELUI GEHANDEL WORD.

6. (1) As 'n bevoegde beampte oortuig is dat 'n persoon daartoe geregtig is om as 'n nooddruftige seeman behandel te word of as 'n nooddrugtige seeman onder die sorg van 'n bevoegde beampte kom, moet daardie beampte aan hom op die billikste terme moontlik noodleniging en onderhoud verskaf.

(2) As 'n bevoegde beampte tevrede gestel is (deur middel van 'n mediese sertifikaat of andersins) dat 'n nooddruftige seeman geskik is om te werk en so 'n seeman weier om redelike werk te aanvaar, word geen verdere noodleniging of onderhoud aan hom verskaf nie.

(3) 'n Nooddruftige seeman wat van 'n bevoegde beampte noodleniging ontvang en wat nie werk kan kry nie, moet so gou as wat prakties uitvoerbaar is na 'n tuishawe teruggestuur word: Met dien verstande dat, as die omstandighede dit vereis, werk vir so 'n seeman gevind kan word op enige plek op pad na die tuishawe.

(4) In alle gevalle waar 'n nooddruftige seeman meer as dertig dae lank onder die sorg van 'n bevoegde beampte verkeer het, moet volledige besonderhede van die onstandighede aan die Direkteur gestuur word.

HOE DAAR VIR DIE TERUGSTUUR VAN 'N NOODDRUFTIGE SEEMAN VOORSIENING GEMAAK WORD.

7. (*a*) 'n Nooddruftige seeman kan na 'n tuishawe teruggestuur word langs enige billike roete of per skip, per vliegtuig of oor land of gedeeltelik per skip, gedeeltelik per vleigtuig en gedeeltelik oor land, en wanneer daar oor die roete en die tuishawe besluit word, moet die gerief van die seeman in aanmerking geneem word en die onkoste wat daarmee gepaard gaan, moet die laagste wees wat billik moontlik is in die omstandighede. Wanneer 'n nooddruftige seeman na 'n tuishawe gestuur word op 'n ander manier as per skip, moet die magtiging van die Direkteur vooraf daartoe verkry word indien daar genoeg tyd is: Met dien verstande dat hierdie magtiging nie nodig

(*b*) "repatriation expenses" means expenses incurred in returning a distressed seaman to a proper return port and in providing him with necessary clothing and maintenance until his arrival at such port and includes, in the case of a ship-wrecked seaman, the repayment of expenses incurred in conveying him to port after shipwreck and maintaining him while being so conveyed; and

(*c*) "excepted expenses" means repatriation expenses incurred in cases where the cause of the seaman's being left behind is desertion or absence without leave or imprisonment for misconduct or discharge from his ship by a maritime court on the ground of misconduct.]

FORM OF APPLICATION FOR RELIEF OR REPATRIATION.

3. If a distressed seaman requires relief or wishes to be repatriated or to receive both relief and repatriation, he shall within three months from the date on which he was discharged, left behind or shipwrecked make application for such relief or repatriation or both relief and repatriation by completing application form M. 44 set forth in Annexure A.

LIMITATION OF TIME IN WHICH TO APPLY.

4. Any person who fails to make application within the period stipulated in regulation 3 shall not be entitled to be dealt with under the provisions of these regulations.

CLOTHING AND MEDICAL EXPENSES.

5. Distressed seamen shall, if necessary, be supplied with clothing and bedding but in no greater quantity than is absolutely required. The clothing supplied shall be of the quality the seaman normally wears. Medical advice and medicine shall be provided when necessary.

MANNER OF DEALING WITH DISTRESSED SEAMEN.

6. (1) If a proper officer is satisfied that a person is entitled to be treated as a distressed seaman or if a distressed seaman comes under the charge of a proper officer, that officer shall provide relief and maintenance upon the most reasonable terms possible.

(2) If a proper officer is satisfied (by a medical certificate or otherwise) that a distressed seaman is fit to work and such seaman refuses to accept reasonable employment, no further relief or maintenance shall be granted to him.

(3) A distressed seaman who is in receipt of relief from a proper officer and who is unable to find employment shall be sent to a proper return port as soon as practicable: Provided that if circumstances require it, employment for such seaman may be found at any place en route to the proper return port.

(4) In all cases where a distressed seaman has been on charge for longer than thirty days full details of the circumstances shall be reported to the Director.

MODE OF PROVIDING FOR RETURN.

7. (*a*) A distressed seaman may be sent to a proper return port by any reasonable route either by sea, air or land or partly by sea, partly by air and partly by land, and in deciding the route and the proper return port, the convenience of the seaman shall be taken into consideration and the expenses involved shall be the lowest reasonably possible in the circumstances. In sending a distressed seaman to a proper return port by means other than by sea, the prior authority of the Director shall be obtained if time permits: Provided that this authority

is as 'n seeman oor land of per vliegtuig gestuur word vanaf die hawe waar hy in nood verkeer na 'n naburige hawe waar 'n skip onmiddellik vir repatriasiedoeleindes beskikbaar is nie.

(*b*) Vir die hele of enige gedeelte van die roete wat per skip afgelê word, moet die bevoegde beampte in die geval van 'n Suid-Afrikaanse skip, of kan hy in die geval van enige ander Statebondskip die seeman aan boord van daardie skip plaas indien die skip seemanne nodig het om sy getal vol te maak, of, as dit nie prakties moontlik is nie, moet hy die seeman in 'n Suid-Afrikaanse skip repatrieer ooreenkomstig regulasie 8 of vir hom 'n passaat in enige ander skip verkry ooreenkomstig regulasie 9.

VERPLIGTING VAN GESAGVOERDERS VAN SUID-AFRIKAANSE SKEPE OM NOODDRUFTIGE SEELUI TE VERVOER.

8. (*a*) Die gesagvoerder van elke Suid-Afrikaanse skip, na watter hawe hy ook al op pad mag wees, moet alle nooddruftige seemanne aan boord van sy skip neem en passaat en onderhoud aan hulle verskaf indien hy deur 'n bevoegde beampte gelas word om dit te doen, en die gesagvoerder moet gedurende die reis aan elke sodanige nooddruftige seeman akkommodasie verskaf gelykstaande met dié wat normalerwys vir die bemanning van die skip verskaf word en onderhoud wat pas by die rang of gradering van die nooddruftige seeman.

(*b*) Daar word geag dat elke nooddruftige seeman wat aan boord van 'n skip geneem word vir solank hy aan boord van die skip bly tot die skip behoort en aan dieselfde wette en regulasies vir die handhawing van dissipline onderworpe is asof hy 'n lid van die bemanning is en die ooreenkoms met die bemanning onderteken het.

(*c*) Ondanks die bepalings van paragraaf (*a*) sal daar nie van 'n gesagvoerder vereis word dat hy 'n nooddruftige seeman aan boord van sy skip moet neem indien die bevoegde beampte oortuig is dat akkommodasie vir so 'n seeman nie beskikbaar is of beskikbaar gemaak kan word nie.

VERVOER DEUR SKEPE UITGESONDERD SUID-AFRIKAANSE SKEPE.

9. (*a*) As 'n Suid-Afrikaanse skip nie beskikbaar is vir die vervoer van 'n nooddruftige seeman na 'n tuishawe of na 'n hawe op pad daarheen nie, kan die bevoegde beampte, indien hy dit wenslik ag, vir hom 'n passaat op 'n ander skip reël.

(*b*) As die passaat nie vooruit betaal word nie, kan die gesagvoerder van die skip by die bevoegde beampte by die hawe waarheen die seeman aldus vervoer is, aansoek doen om betaling vir die passaat.

TUISHAWE MOET GESPESIFISEER WORD.

10. Wanneer die bevoegde beampte by die hawe waar 'n seeman oorspronklik noodleniging ontvang vasgestel het na watter tuishawe die seeman geregtig is om teruggestuur te word, moet hy daardie hawe aandui op enige dokument wat uitgereik word vir die vervoer van die seeman na daardie hawe of na enige plek op pad na so 'n tuishawe.

ENDOSSEMENT OP OOREENKOMS MET DIE BEMANNING EN UITREIKING VAN VERVOERORDER.

11. Die bevoegde beampte moet wanneer dit prakties uitvoerbaar is, op die ooreenkoms met die bemanning van enige Suid-Afrikaanse skip waarin nooddruftige seelui vervoer moet word, òf na 'n tuishawe òf na 'n hawe op pad na so 'n tuishawe, die naam endosseer van elke seeman wat aan boord van die skip geplaas word met vermelding van die datum waarop hy inskeep, en hy moet ook 'n vervoerorder in die vorm M. 45 wat in Bylae B uiteengesit word, voltooi, onderteken en aan die gesagvoerder van so 'n skip lewer, en in die vervoerorder moet hy die hawe aandui waarheen, of die land na 'n hawe waarin die seeman geregtig is om vervoer te word.

shall not be necessary if a seaman is sent by land or air from the port where he is in distress to a neighbouring port where a ship is immediately available for repatriation purposes.

(*b*) For the whole or any part of the route which is by sea, the proper officer shall in the case of a South African ship or may in the case of any other Commonwealth ship, place the seaman on board if that ship is in want of men to make up its complement, or, if that is not practicable, shall repatriate the seaman in a South African ship in accordance with regulation 8 or obtain a passage for him in any other ship in accordance with regulation 9.

OBLIGATION OF MASTERS OF SOUTH AFRICAN SHIPS TO CONVEY DISTRESSED SEAMEN.

8. (*a*) The master of every South African ship, to whatever port it may be bound shall receive on board his ship and afford a passage and maintenance to all distressed seamen whom he is required by a proper officer to take on board his ship, and the master shall during the passage provide every such distressed seaman with accommodation equal to that normally provided for the crew of the ship and subsistence proper to the rank or rating of the distressed seaman.

(*b*) Every distressed seaman who is taken on board, shall so long as he remains in the ship be deemed to belong to the ship and shall be subject to the same laws and regulations for preserving discipline as if he were a member of the crew and had signed the agreement with the crew.

(*c*) Notwithstanding the provisions of paragraph (*a*) the master shall not be required to receive a distressed seaman on board his ship if the proper officer is satisfied that accommodation is not and cannot be made available for such seaman.

CONVEYANCE BY SHIPS OTHER THAN SOUTH AFRICAN SHIPS.

9. (*a*) If a South African ship is not available for the conveyance of a distressed seaman to a proper return port or to a port en route thereto, the proper officer may, if he considers it desirable, arrange a passage for him in any other ship.

(*b*) If the passage is not prepaid, application may be made by the master of the ship to the proper officer at the port to which the seaman has been so conveyed, for payment of the passage.

RETURN PORT TO BE SPECIFIED.

10. The proper officer at the port where a seaman is originally relieved having determined the return port to which the seaman is entitled to be sent, shall indicate that port on any document issued for his conveyance to that port or to any place en route to such return port.

ENDORSEMENT ON AGREEMENT WITH THE CREW AND ISSUE OF CONVEYANCE ORDER.

11. The proper officer shall, whenever practicable, endorse upon the agreement with the crew of any South African ship in which distressed seamen are to be conveyed, either to a proper return port or to a port en route to such port, the name of each man put on board, specifying the day he embarks, and shall also complete, sign and deliver to the master of such ship a Conveyance Order in form M. 45 set forth in Anexure B, showing thereon either the port to which, or the country to a port in which, the seaman is entitled to be sent.

OPTREDE DEUR BEVOEGDE BEAMPTE OP PLEKKE OP PAD NA TUISHAWE.

12. Solank 'n seeman onderweg is na 'n tuishawe kan die bevoegde beampte op enige plek waar die seeman mag wees, namens die bevoegde beampte wat oorspronklik reëlings getref het vir die terugstuur van die nooddruftige seeman na 'n tuishawe, enige onkoste vir rekening van daardie seeman bestry wat die bevoegde beampte wat oorspronklik ten opsigte van daardie seeman opgetree het kon bestry.

PASSAATTARIEWE EN ANDER TOELAES.

13. (1) By sy aankoms by die hawe waarheen 'n seeman ooreenkomstig die bepalings van regulasie 8 vervoer is, moet die gesagvoerder die seeman na die bevoegde beampte neem en die vervoerorder (vorm M. 45) vir betaling aan daardie beampte voorlê.

(2) Indien die bevoegde beampte deur na die skeepsdokumente te verwys, oortuig is dat die seeman vervoer is, onderhoud ontvang het en ooreenkomstig die bepalings van die vervoerorder (vorm M. 45), as 'n nooddruftige seeman versorg is, moet hy die gesagvoerder teen die volgende passaattariewe betaal:—

Rang van personeel.	*Tarief.*
Gesagvoerders, navigasie-offisiere, ingenieur-offisiere (gediplomeerd en ongediplomeerd), geneeshere, hoofkelners, hoofbetaalmeesters, radio-offisiere, leerling-offisiere en kadette ...	Tien sjielings per dag.
Ander blanke lede van 'n bemanning	Sewe sjielings en ses pennies per dag.
Kleurling-, Indiër- en Naturellelede van die bemanning	Vier sjielings per dag.

(3) In gevalle waar die gesondheid van 'n seeman wat ooreenkomstig 'n vervoerorder (vorm M. 45) vervoer word, na die mening van 'n geneesheer sodanig is dat hy mediese sorg, ekstra voedsel of wyn nodig het, en sodanige mediese sorg, dieet of wyn verskaf word en die feit bevestig kan word deur inskrywings in die skeepsjoernaal, is die gesagvoerder daartoe geregtig om 'n toelae van een sjieling per dag te ontvang benewens die tariewe wat in paragraaf (2) uiteengesit is.

SEELUI WAT GERED WORD.

14. Wanneer 'n skip met nooddruftige seelui aan boord wat gered of ter see opgepik is, by 'n hawe aankom, kan die bevoegde beampte die gesagvoerder van die skip vir hul onderhoud betaal teen die tariewe wat in regulasie 13 voorgeskryf word.

VREEMDE SEELUI.

15. 'n Seeman, uitgesonderd 'n Suid-Afrikaanse seeman, wat in nood verkeer weens die feit dat hy ontslaan is van of agtergelaat is deur of skipbreuk gely het in enige Suid-Afrikaanse skip by 'n plek in die land waarvan hy 'n burger is of in 'n kolonie van daardie land, is nie tot noodleniging en onderhoud ooreenkomstig hierdie regulasies geregtig nie.

SEELUI WAT VERSTANDELIK GEKRENK IS.

16. (1) Ten einde vir 'n seeman wat verstandelik gekrenk is voorsiening vir 'n passaat na 'n tuishawe te maak, kan die bevoegde beampte, ten einde te verseker dat die seeman gedurende die reis die nodige sorg en aandag sal ontvang, benewens die tariewe en toelaes waarvoor in regulasie 13 voorsiening gemaak word spesiale reëlings met die gesagvoerder tref om indien nodig, aan hom sodanige addisionele toelae te betaal as wat in die omstandighede billik en redelik mag blyk. 'n Afskrif van die ooreenkoms wat aldus aangegaan word, moet in elke geval so spoedig moontlik aan die Direkteur gestuur word, en ook, in gevalle waar dit wenslik is om die see-

ACTION OF PROPER OFFICER AT PLACES EN ROUTE.

12. Whilst a distressed seaman is in transit to a proper return port, a proper officer at any place at which the seaman may be, may defray, on behalf of the proper officer originally making arrangements for the distressed seaman's return to a proper return port, any expenses on account of that seaman which the proper officer originally acting in respect of him could defray.

RATES OF PASSAGE AND OTHER ALLOWANCES.

13. (1) On arrival at the port to which a seaman has been conveyed in accordance with the provisions of regulation 8 the master shall take the seaman to the proper officer and produce the Conveyance Order (form M. 45) to that officer for payment.

(2) If the proper officer is satisfied by reference to the ship's documents that the seaman has been conveyed, maintained and provided for as a distressed seaman and in accordance with the provisions of the Conveyance Order (form M. 45), he shall pay the master at the following rates of passage:—

Rank of Personnel.	*Rate.*
Masters, Navigating Officers, Engineer Officers (certificated and uncertificated), Medical Practitioners, Chief Stewards, Chief Pursers, Radio Officers, Apprentice-officers and Cadets	Ten shillings per day.
Other European members of a crew	Seven shilling and sixpence per day.
Coloured, Indian and Native members of a crew	Four shilling per day.

(3) Where in the opinion of a medical practitioner the health of a seaman conveyed under a Conveyance Order (form M. 45) is such that he requires medical attendance, extra diet or wines, and such attendance, diet or wines are provided and this fact can be confirmed from entries made in the log-book, the master shall be entitled to receive an allowance of one shilling per day in addition to the rates set out in paragraph (2).

RESCUED SEAMEN.

14. Whenever a ship with distressed seamen on board, who have been rescued or picked up at sea, arrives at a port, the proper officer may pay the master of the ship for their subsistence at the rates prescribed in regulation 13.

FOREIGN SEAMEN.

15. A seaman, other than a South African seaman, who, by reason of having been discharged or left behind from or shipwrecked in any South African ship at a place in the country to which he belongs or in a colony of that country, is in distress, shall not be entitled to relief and maintenance in terms of these regulations.

SEAMEN MENTALLY DERANGED.

16. (1) In order to provide for the passage to a proper return port of a distressed seaman suffering from mental derangement, the proper officer, with the object of ensuring that requisite care and attendance shall be given to the seaman during the voyage, may in addition to the rates and allowances provided for in regulation 13 make a special arrangement with a master agreeing to pay, if necessary, such additional allowance as may appear fair and reasonable under the circumstances. A copy of the agreement so entered shall in every case be forwarded to the Director as soon as possible, and also, in the case

man na 'n hawe elders behalwe in die Unie te stuur, hetsy die hawe op pad na die tuishawe is of andersins, aan die bevoegde beampte by daardie hawe.

(2) In die geval van 'n seeman wat in sulke omstandighede by sy hawe aankom, moet die bevoegde beampte aan die gesagvoerder die gelde vir die passaat betaal ooreenkomstig die bepalings van regulasie 13 asook die addisionele toelae waartoe daar ooreenkomstig paragraaf (1) van hierdie regulasie ooreengekom is by voorlegging van so 'n ooreenkoms en indien hy oortuig is dat die seeman die spesiale sorg en aandag aldus gestipuleer, ontvang het.

SEELUI BY BESMETTE HAWENS.

17. (1) Wanneer 'n passaat na 'n tuishawe benodig word vir 'n nooddruftige seeman by 'n hawe wat op daardie tyd besmet is met cholera, geelkoors of pestilensie, of vir 'n nooddruftige seeman wat onlangs gely het aan enige van genoemde daardie klagtes, het sy die hawe vanwaar hy gestuur is 'n besmette hawe is al dan nie, moet die bevoegde beampte 'n sertifikaat van 'n behoorlik gekwalifiseerde geneesheer verkry met die strekking dat die betrokke seeman nie 'n bron van gevaar vir ander persone is nie. In die sertifikaat moet die aard van die siekte waaraan die nooddruftige seeman gely het, vermeld word en dit moet gegee word aan die gesagvoerder van die skip waarop die seeman vervoer word vir voorlegging, indien nodig, aan mediese en sanitêre owerhede by ander hawens, en dit moet deur die gesagvoerder behou word totdat die nooddruftige seeman sy tuishawe bereik, of in geval van 'n seeman wat na 'n tussenhawe vervoer word, moet die sertifikaat saam met die Vervoerorder aan die bevoegde beampte by sodanige hawe gelewer word.

(2) Die aanspreeklikheid vir die onkoste aangegaan om 'n mediese sertifikaat vir die doel van hierdie regulasie te verkry, word vasgestel ooreenkomstig die bepalings van artikel *eenhonderd vier-en-vyftig* van die Wet.

SEKERE GEVALLE VAN SIEKTE EN BESERING.

18. Die bepalings van hierdie regulasies is van toepassing op 'n seeman wat weens siekte of besering ontslaan word van of agtergelaat word deur sy skip: Met dien verstande egter dat as 'n seeman ontslaan of agtergelaat word omdat hy ly aan enige siekte of besering wat te wyte is aan sy eie opsetlike handeling of versuim of aan sy eie wangedrag, die onkoste om die nodige sjirurgiese en mediese sorg en aandag en medisyne aan hom te verskaf, asook die onkoste van die onderhoud van so 'n seeman totdat hy genees is, of sterf, of teruggestuur is na 'n tuishawe, en van sy vervoer na so 'n hawe en, in geval hy sterf, die onkoste (indien enige) van sy begrafnis, sover moontlik uit sy loon bestry sal word.

SEELUI WAT SKIPBREUK GELY HET.

19. As 'n vaartuig skipbreuk ly en 'n lid van die bemanning in verband met die wrak in diens geneem word, is hy nie geregtig tot noodleniging of repatriasie ooreenkomstig die bepalings van hierdie regulasies voordat sy diens in verband met die wrak beëindig is nie, waarna die bepalings van regulasies 3 en 4 van toepassing sal wees.

VERSTEKELINGE.

20. 'n Persoon wat ter see gaan in 'n skip sonder die toestemming van die gesagvoerder, eienaar, 'n skeepsoffisier of ander persoon wat die reg het om sodanige verlof te gee, of wat homself versteek vir die doel om ter see te gaan sonder daardie toestemming, is nie geregtig tot noodleniging of onderhoud ooreenkomstig hierdie regulasies nie.

where it is desirable to send the seaman to a port elsewhere than in the Union whether en route or otherwise, to the proper officer at that port.

(2) In the case of a seaman arriving under such circumstances at his port, the proper officer shall pay to the master the fee for the passage in accordance with the provisions of regulation 13 as well as the additional allowance agreed to in terms of paragraph (1) of this regulation on production of such agreement, and upon being satisfied that the seaman has received the special care and attendance stipulated for.

SEAMEN AT INFECTED PORTS.

17. (1) Whenever a passage to a proper return port is required for a distressed seaman at a port infected at the time with cholera, yellow fever, or plague, or for a distressed seaman who has recently suffered from any of those complaints, whether the port from which he is sent is an infected port or not a certificate shall be obtained by the proper officer from a duly qualified medical practitioner that the seaman concerned is not a source of danger to others. The certificate shall state the nature of the disease from which the distressed seaman has suffered, and shall be given to the master of the conveying ship for production, if necessary, to medical and sanitary authorities at other ports, and shall be retained by him until the distressed seaman reaches his proper return port, or in the case of a seaman conveyed to an intermediate port, the certificate shall be delivered with the Conveyance Order to the proper officer at such port.

(2) The liability for the expense incurred in obtaining any medical certificate for the purpose of this regulation shall be determined in accordance with the provisions of section *one hundred and fifty-four* of the Act.

CERTAIN CASES OF ILLNESS AND INJURY.

18. The provisions of these regulations shall apply to a seaman who is discharged or left behind from his vessel on account of illness or injury: Provided however, that if a seaman is discharged or left behind suffering from any illness or injury due to his own wilful act or default or to his own misbehaviour, the expenses of providing necessary surgical and medical advice and attendance and medicine, and also the expenses of the maintenance of such seaman until he is cured, or dies, or is returned to a proper return port, and of his conveyance to such port, and in the case of death the expense (if any) of his burial shall be met as far as possible out of his wages.

SHIPWRECKED SEAMEN.

19. Where a vessel is wrecked and a member of the crew is employed in connection with the wreck, he shall not be entitled to relief or repatriation under the provisions of these regulations until he ceases to be so employed, whereupon the provisions of regulations 3 and 4 shall apply.

20. STOWAWAYS.

Every person who goes to sea in a ship without the consent of the owner, master, a ship's officer or some other person entitled to give that consent, or secretes himself for the purpose of going to sea without that consent, shall not be entitled to relief or maintenance in terms of these regulations.

BYLAE A.
M. 44.

UNIE VAN SUID-AFRIKA.

DEPARTEMENT VAN DOEANE EN AKSYNS (MARINE-AFDELING).
[HANDELSKEEPVAARTWET, 1951 (WET No. 57 VAN 1951).]

AANSOEK OM AS 'N NOODDRUFTIGE SEEMAN BEHANDEL TE WORD.
(Artikel *eenhonderd vier-en-vyftig* van die Wet.)

OPMERKING.—Die aanspreeklikheid vir die onkoste van repatriasie is duidelik uiteengesit in subartikels (4), (5) en (6) van artikel *eenhonderd vier-en-vyftig* van die Handelskeepvaartwet, 1951. 'n Afskrif van hierdie artikel verskyn op die keersy van hierdie vorm.

1. Besonderhede aangaande die nooddruftige seeman.

Familienaam (in drukskrif).	Voorname (in drukskrif).	Geboorteplek.	Nasionaliteit.	Ras (d.w.s. Blanke, Naturel, Kleurling, Indiër, ens.)	No. van verslagboek (of besonderhede van ander identifiseringsdokument).

Plek waar verslagboek (of ander identifiseringsdokument) uitgereik is.	Besonderhede van bekwaamheid- of diensertifikate.	Huisadres.	Naam en adres van naasbestaande (meld verwantskap, d.w.s. vader, moeder, ens.)	Naam en adres van ander familielid of vriend (indien familielid meld verwantskap).

2. Besonderhede aangaande skip waarvan nooddruftige seeman *ontslaan/agterlaat is of waarin hy *skipbreuk gely het.

Naam van skip.	Amptelike nommer.	Registrasiehawe.	Naam van gesagvoerder van skip.

(* Skrap woorde wat nie van toepassing is nie).

Besonderhede van diens op hierdie skip van seeman wat nou in nood verkeer.				Loon.	Naam en adres van eienaars van skip.
Hawe waar seeman in diens geneem is, en datum.	Aard van seereis of indiensneming.	Hawe waar seereis of indiensneming beëindig sou word, en datum.	Hoedanigheid waarin seeman in diens geneem is.		

3. Besonderhede aangaande vorige skepe waarop seeman gedien het.

Name van skepe.	Registrasiehawens (of lande waaraan hulle behoort het).	Duur van diens in.		Hoedanigheid waarin seeman gedien het.
		Vanaf.	Tot.	
(*a*)	(*a*)	(*a*)	(*a*)	(*a*)
(*b*)	(*b*)	(*b*)	(*b*)	(*b*)
(*c*)	(*c*)	(*c*)	(*c*)	(*c*)
(*d*)	(*d*)	(*d*)	(*d*)	(*d*)
(*e*)	(*e*)	(*e*)	(*e*)	(*e*)

ANNEXURE A.
M. 44.

UNION OF SOUTH AFRICA.

DEPARTMENT OF CUSTOMS AND EXCISE (MARINE SECTION).
[MERCHANT SHIPPING ACT, 1951 (ACT No. 57 OF 1951).]

APPLICATION TO BE TREATED AS A DISTRESSED SEAMAN.
(Section *one hundred and fifty-four* of the Act.)

NOTE.—The liability for repatriation expenses is clearly stated in sub-sections (4) (5) and (6) of section *one hundred and fifty-four* of the Merchant Shipping Act, 1951, a copy of which section appears on the reverse side of this form.

1. Particulars relating to the distressed seaman.

Surname. (In block letters.)	Christian Names. (In block letters.)	Place of Birth.	Nationality.	Race (i.e. European, Native, Coloured, Indian, etc.).	No. of Record Book (or details of other identification document).

Place where Record Book (or other identification document) was issued.	Particulars of Certificates of Competency or Service.	Home Address.	Name and Address of Next-of-kin (state relation i.e. father, mother, etc.).	Name and Address of other Relative or Friend (if relative, state relation).

2. Particulars relating to ship from which distressed seaman has been *discharged/left behind or *shipwrecked in.

Name of Ship.	Official Number.	Port of Registry.	Name of Master of Ship.

(* Delete words which are not applicable).

Details of service of this Ship of Seaman who is now in distress.				Wages.	Name and Address of Owners of Ship.
Port where Seaman was Engaged, and Date.	Nature of Voyage or Engagement.	Port where Voyage or Engagement was to Terminate, and Date.	Capacity in which Seaman was Employed.		

3. Particulars relating to previous ships on which seaman served.

Names of Ships.	Ports of Registry (or countries to which they belonged).	Duration of Service in.		Capacity in which Seaman was Employed.
		From.	To.	
(*a*)	(*a*)	(*a*)	(*a*)	(*a*)
(*b*)	(*b*)	(*b*)	(*b*)	(*b*)
(*c*)	(*c*)	(*c*)	(*c*)	(*c*)
(*d*)	(*d*)	(*d*)	(*d*)	(*d*)
(*e*)	(*e*)	(*e*)	(*e*)	(*e*)

4. Verklaring wat deur applikant voor 'n bevoegde beampte voltooi moet word.

Ek die ondergetekende.....verklaar dat ek in nooddruftige omstandighede verkeer en doen hierby aanscek om.....

(Voeg hier in die aard van hulp verlang, d.w.s. onderhoud, noodleniging, en/of terugstuur na tuishawe.)

Ek verklaar verder dat ek in nood verkeer weens—

* (*a*) agterlating te.....op die.....19....., op grond van drosting.

* (*b*) agterlating te.....op die.....19....., op grond van afwesigheid sonder verlof.

* (*c*) agterlating te.....op die.....19....., as gevolg van gevangenisstraf weens wangedrag.

* (*d*) ontslag van my skip te.....op die.....19....., deur 'n Seehof op grond van wangedrag.

* (*e*) ontslag van my skip te.....op die.....19....., deur wederkerige toestemming.

* (*f*) ontslag/agterlating te.....op die.....19....., weens siekte/besering opgedoen deur my eie opsetlike handeling of versuim of wangedrag.

* (*g*) ontslag/agterlating te.....op die.....19.....

om onderstaande redes.....

Sedertdien was ek in diens te.....as.....

Ek verklaar dat die besonderhede wat in hierdie vorm aangegee word na my beste wete en oortuiging juis en waar is.

.....
Handtekening van Seeman.

Verklaar voor my te.....op hierdie.....dag van.....19.....

.....
Handtekening en Ampstitel van Bevoegde Beampte.

* Skrap woorde of reëls wat nie van toepassing is nie. Ten opsigte van reël (*e*) moet gemeld word watter reëling getref is in verband met enige onkoste wat aangegaan mag word as gevolg van die ontslag.

Artikel *eenhonderd vier-en-vyftig* van die Handelskeepvaartwet, 1951 (Wet No. 57 van 1951), lees as volg:—

„ (4) Alle onkoste van repatriasie, behalwe uitgesonderde onkoste, wat ooreenkomstig die bepalings van hierdie Wet deur of namens die Staat opgeloop is, is 'n skuld aan die Staat waarvoor die eienaar van die skip waartoe die seeman ten opsigte van wie hulle opgeloop is, behoort het ten tyde van sy ontslag of van enige ander gebeurtenis as gevolg waarvan hy 'n nooddruftige seeman geword het, aanspreeklik is. Die eienaar is nie geregtig om op die seeman enige bedrag wat deur hom ter vereffening of gedeeltelike vereffening van bedoelde skuld aan die Staat betaal is, te verhaal nie.

3. Hierdie regulasies is van toepassing op elke Suid-Afrikaanse skip van meer as eenhonderd bruto-registerton.

WAT VERSKAF MOET WORD EN DEUR WIE.

4. (1) Die gesagvoerder van elke skip moet op koste van die eienaar van die skip elke seeman en leerling-offisier aan boord van sy skip voorsien van 'n matras en 'n voldoende hoeveelheid bedlinne, komberse, bedspreie, tafelgereedskap, handdoeke, seep en toiletpapier vir gebruik aan boord van die skip solank die seeman of leerling-offisier diens op die skip doen: Met dien verstande dat—

(*a*) wanneer sodanige artikels voorsien word, die gewoontes en gewone gebruike van blankes en nieblankes in gedagte gehou moet word; en

(*b*) wanneer komberse voorsien word, somer- en wintertoestande in aanmerking geneem moet word.

(2) Die gesagvoerder kan in die ooreenkoms met die bemanning 'n lys byvoeg van dié in paragraaf (1) vermelde artikels wat aan elke seeman en leerling-offisier verskaf word, en as so 'n lys bygevoeg word, moet die vervangwaarde van elke item daarin aangegee word.

UITSONDERINGS.

5. Die verskaffing van die artikels wat in paragraaf (1) van regulasie 4 voorgeskryf word, is nie nodig in die geval van vissersbote, robbevaarders en walvisvaarders met landbasis indien die aard van 'n besondere reis sodanig is dat dergelike artikels nie gedurende daardie reis benodig word nie.

TOESTAND VAN ARTIKELS WAT VERSKAF WORD.

6. (1) Matrasse, bedlinne, komberse, bedspreie en handdoeke moet in 'n skoon toestand verskaf word en moet van goeie gehalte wees.

(2) Koppies, pierings en borde moet van goeie gehalte wees, en messe, vurke en lepels moet van duursame metaal wees. Alle dergelike artikels moet van sodanige materiaal wees dat hulle maklik skoongemaak kan word.

INSPEKSIES.

7. (1) Die gesagvoerder moet minstens een keer elke tien dae 'n inspeksie laat hou van dié in paragraaf (1) van regulasie 4 vermelde artikels vir die doel om vas te stel of hulle skoon en in goeie toestand is. Die uitslag van so 'n inspeksie moet in die amptelike skeepsjoernaal opgeteken word.

(2) 'n Hawegesondheidsbeampte, distriksgeneesheer of ander mediese beampte van die Departement van Gesondheid in die Unie of enige geneesheer buite die Unie, of 'n bevoegde beampte kan dié in paragraaf (1) van regulasie 4 vermelde artikels inspekteer om vas te stel of hulle in 'n skoon en goeie toestand is

VERVANGING EN TERUGGEE VAN ARTIKELS.

8. (1) Indien daar as gevolg van 'n inspeksie wat ooreenkomstig regulasie 7 uitgevoer word, gevind word dat 'n artikel in so 'n mate bederf is dat die vervanging daarvan noodsaaklik is, moet dit deur die gesagvoerder op koste van die eienaar van die skip vervang word indien die verslegting te wyte is aan billike slytasie. As die verslegting te wyte is aan die versuim of nalatigheid van 'n seeman of leerling-offisier, moet die prys wat vir die artikel

(*c*) at a place outside the Commonwealth, in the following order:

(i) a consular representative of the Union; or

(ii) a diplomatic representative of the Union; or

(iii) a consular representative of a country (other than the Union) which is a member of the Commonwealth; or

(iv) a diplomatic representative of a country (other than the Union) which is a member of the Commonwealth;

" seaman " means any person (except a master, pilot or apprentice-officer) employed or engaged in any capacity as a member of the crew of a ship.]

SHIPS TO WHICH THESE REGULATIONS APPLY.

3. These regulations shall apply to every South African ship of more than one hundred gross register tons.

WHAT TO BE SUPPLIED AND BY WHOM.

4. (1) The master of every ship shall at the expense of the owner thereof supply every seaman and apprentice-officer on board his ship with a mattress and sufficient quantities of bed linen, blankets, bedspreads, mess utensils, towels, soap and toilet paper for use on board during service in the ship: Provided that—

(*a*) in supplying such articles, the habits and usual practices of Europeans and non-Europeans shall be borne in mind; and

(*b*) in supplying blankets, consideration shall be had to summer and winter conditions.

(2) The master may insert in the agreement with the crew a list of the articles mentioned in paragraph (1) which are being supplied to each seaman and apprentice-officer, and if such a list is inserted it shall contain the replacement value of each item.

EXCEPTIONS.

5. The supply of all the articles prescribed in paragraph (1) of regulation 4 shall not be necessary in the case of fishing, sealing and shore-based whaling boats, if the nature of a particular voyage is such that all those articles will not be required during that voyage.

CONDITION OF ARTICLES SUPPLIED.

6. (1) Mattresses, bed linen, blankets, bedspreads and towels shall be supplied in clean condition and shall be of good quality.

(2) Cups, saucers and plates shall be of good quality, and knives, forks and spoons shall be of a durable metal. All such articles shall be of such material that they can be easily cleaned.

INSPECTIONS.

7. (1) The master shall at least once in every ten days cause an inspection to be made of the articles mentioned in paragraph (1) of regulation 4 for the purposes of ascertaining whether they are in a clean and good condition. The result of such inspection shall be recorded in the official log-book.

(2) A port health officer, district surgeon or other medical officer of the Department of Health in the Union or any medical practitioner outside the Union, or a proper officer, may inspect the articles mentioned in paragraph (1) of regulation 4 to ascertain whether they are in a clean and good condition.

REPLACEMENT AND RETURN OF ARTICLES.

8. (1) If as a result of an inspection carried out under regulation 7 it is found that any article has deteriorated to such an extent that replacement is necessary, it shall be replaced by the master at the expense of the owner of the ship where such deterioration is due to fair wear and tear. Where the deterioration is due to the fault or neglect of a seaman or apprentice-officer, the price paid for such

betaal is of die vervangwaarde daarvan wat in dié in paragraaf (2) van regulasie 4 vermelde lys opgeteken is deur die seeman of leerling-offisier aan die gesagvoerder terugbetaal word.

(2) Elke artikel wat ooreenkomstig paragraaf (1) van regulasie 4 verskaf word, moet aan die gesagvoerder terugbesorg word op tye wat deur hom gespesifiseer mag word.

(3) As 'n artikel nie ooreenkomstig die bepalings van paragraaf (2) aan die gesagvoerder terugbesorg word nie of as dit nie in goeie toestand aan hom terugbesorg word nie, moet die betrokke seeman of leerling-offisier aan die gesagvoerder die prys wat vir so 'n artikel betaal is of die vervangwaarde daarvan wat in dié in paragraaf (2) van regulasie 4 vermelde lys opgeteken is, terugbetaal: Met dien verstande dat 'n seeman of leerling-offisier nie verantwoordelik gehou moet word indien die artikel nie in goeie toestand terugbesorg word en die verslegting in die toestand van so 'n artikel aan billike slytasie te wyte is nie.

GESKILLE EN KLAGTES.

9. (1) Wanneer 'n geskil tussen die gesagvoerder en 'n seeman of leerling-offisier ontstaan in verband met sake wat deur hierdie regulasies gedek word, moet die saak, indien nodig, aan die bevoegde beampte vir sy beslissing voorgelê word. As die gesagvoerder, seeman of leerling-offisier nie tevrede is met die beslissing van die bevoegde beampte nie, moet die saak verwys word na die Direkteur wie se beslissing finaal is.

(2) Wanneer drie of meer seemanne of leerling-offisiere van mening is dat beddegoed, handdoeke, tafelgereedskap en ander artikels wat vir hul persoonlike gebruik ooreenkomstig hierdie regulasies verskaf word nie van 'n bevredigende gehalte of in 'n goeie toestand is nie, kan hulle 'n klagte daaroor by die bevoegde beampte indien. So 'n klagte wat by die bevoegde beampte ingedien word, word kragtens die bepalings van artikel *eenhonderd twee-en-sestig* van die Wet behandel.

article or the replacement value recorded in the list mentioned in paragraph (2) of regulation 4, shall be refunded to the master by the seaman or apprentice-officer.

(2) Every article supplied in accordance with paragraph (1) of regulation 4 shall be returned to the master at such times as may be specified by him.

(3) If any article is not returned to the master in accordance with the provisions of paragraph (2) or if it is not returned in good condition, the seaman or apprentice-officer concerned shall refund to the master the price which he paid for such article or the replacement value recorded in the list mentioned in paragraph (2) of regulation 4: Provided that a seaman or apprentice-officer shall not be held responsible if an article is not returned in good condition, if the deterioration in the condition of such article is due to fair wear and tear.

DISPUTES AND COMPLAINTS.

9. (1) Whenever any dispute arises between a master and a seaman or apprentice-officer in regard to matters covered by these regulations the matter shall if necessary, be submitted to the proper officer for decision. If the master, seaman or apprentice-officer is not satisfied with the decision of the proper officer, the matter shall be submitted to the Director whose decision shall be final.

(2) Whenever three or more seamen or apprentice-officers consider that bedding, towels, mess utensils and other articles supplied for personal use in terms of these regulations are not of satisfactory standard or of good condition, they may complain thereof to the proper officer. Such complaint made to the proper officer shall be dealt with in accordance with the provisions of section *one hundred and sixty-two* of the Act.

No. 1128 (Unie).] [26 Julie 1957.

MARINE-AFDELING.

Onderstaande ontwerp-regulasies voorgestel om kragtens die bepalings van paragraaf (iii) van subartikel (1) van artikel *driehonderd ses-en-vyftig* van die Handelskeepvaartwet, 1951 (Wet No. 57 van 1951), uitgevaardig te word, word hierby vir algemene inligting gepubliseer. Persone wat kommentaar wil lewer of aanbevelings wil doen, kan hulle aan die Kommissaris van Doeane en Aksyns, Marine-afdeling, Posbus 376, Pretoria, op of voor 30 September 1957 deurstuur.

Regulasies waarby die gelde wat vir die indiensneming en ontslag van seelui betaal moet word, voorgeskryf word.

INHOUD.

1. Opskrif van hierdie regulasies.
2. Woordbetekenis.
3. Wie gelde moet betaal.
4. Betaling van gelde.

Bylae.—Gelde betaalbaar vir die indiensneming en ontslag van seelui.

OPSKRIF VAN HIERDIE REGULASIES.

1. Hierdie regulasies heet die gelderegulasies vir die indiensneming en ontslag van seelui.

WOORDBETEKENIS.

2. Enige verwysing in hierdie regulasies na uitdrukkings of woorde wat in die Handelskeepvaartwet, 1951, voorkom, moet, tensy uit die samehang anders blyk, uitgelê word volgens die betekenis by die Wet daaraan gegee.

No. 1128 (Union).] [26 July 1957.

MARINE SECTION.

The following draft regulations proposed to be made under the provisions of paragraph (iii) of sub-section (1) of section *three hundred and fifty-six* of the Merchant Shiping Act, 1951 (Act No. 57 of 1951), are hereby published for general information. Any person who wishes to make any comments or suggestions may submit them to the Commissioner of Customs and Excise, Marine Section, P.O. Box 376, Pretoria, on or before the 30th September, 1957.

These regulations prescribe the fees to be paid for the engagement and discharge of seamen.

CONTENTS.

1. Title of these Regulations.
2. Interpretation.
3. Who shall Pay Fees.
4. Payment of Fees.

Annexure.—Fees for the Engagement and Discharge of Seamen.

TITLE OF THESE REGULATIONS.

1. These regulations are called the fees regulations for the engagement and discharge of seamen.

INTERPRETATION.

2. Any reference in these regulations to phrases or words which occur in the Merchant Shipping Act, 1951, unless the context indicates otherwise, shall be construed as having the meaning assigned to them in that Act.

[LET WEL.—Onderstaande woordbepaling wat in artikel *twee* van die Wet verskyn word vir algemene inligting aangehaal:—

*„ bevoegde beampte" die beampte wat deur die Minister aangewys is as die bevoegde beampte by die plek en ten opsigte van die saak waarna verwys word in die bepaling in hierdie Wet waarin die uitdrukking voorkom; of as geen sodanige aanwysing gemaak is nie—

(*a*) by 'n plek in die Unie, die hoofdoeanebeampte;

(*b*) by 'n plek buite die Unie maar in 'n deel van die Statebond, die persoon aan wie kragtens die wet wat in daardie deel van die Statebond van krag is, die amp toevertrou is of die plig opgelê is waarna verwys word in die bepaling van hierdie Wet waarin die uitdrukking voorkom; of as daar geen sodanige persoon is nie, die persoon wat in paragraaf (*c*) van hierdie omskrywing aangedui word; of

(*c*) by 'n plek buite die Statebond in die volgende volgorde:—

(i) 'n konsulêre verteenwoordiger van die Unie; of

(ii) 'n diplomatieke verteenwoordiger van die Unie; of

(iii) 'n konsulêre verteenwoordiger van 'n land (behalwe die Unie) wat lid is van die Statebond; of

(iv) 'n diplomatieke verteenwoordiger van 'n land (behalwe die Unie) wat lid is van die Statebond.

* Die voorneme bestaan om die Minister se magtiging te verkry om die volgende beamptes as „ bevoegde beamptes" in die Unie aan te wys:—

Te Kaapstad en Durban: Die Hoofbeampte van die Marine-opnemingskantoor.

Te Port Elizabeth en Oos-Londen: Die Koopvaardymeester.

Te Mosselbaai, Port Nolloth, Luderitz en Walvisbaai: Die Ontvanger van Doeane.]

WIE GELDE MOET BETAAL.

3. (1) Wanneer die gesagvoerder van 'n Suid-Afrikaanse skip op vreemde vaart, en die gesagvoerder of eienaar, na gelang van die geval, van 'n Suid-Afrikaanse kusvaarder, vissersboot, robbevaarder of walvisvaarder met landbasis 'n ooreenkoms met die bemanning aangaan of daarna enkele seelui in diens neem, moet hy by die indiensneming van die bemanning of van enkele seelui die toepaslike gelde betaal wat in die Bylae hierby uiteengesit word.

(2) Die gesagvoerder van 'n Suid-Afrikaanse skip op vreemde vaart, en die gesagvoerder of eienaar van 'n Suid-Afrikaanse kusvaarder, vissersboot, robbevaarder of walvisvaarder met landbasis wat 'n ooreenkoms met die bemanning aangegaan het, moet by die ontslag van die bemanning of van enkele seelui die toepaslike gelde betaal wat in die Bylae hierby uiteengesit word.

BETALING VAN GELDE.

4. (1) Gelde vir die indiensneming van en ontslag van 'n bemanning of enkele seelui is betaalbaar ten tye van die indiensneming of ontslag en moet betaal word aan die bevoegde beampte voor wie die indiensneming of ontslag plaasvind.

(2) Wanneer die gelde betaal is, moet die bevoegde beampte aan die betaler daarvan 'n kwitansie uitreik waarin die naam van die gesagvoerder of eienaar wat die gelde betaal het, die naam en amptelike nommer van die skip en sy netto-tonnemaat, die getal van die bemanning of enkele seelui wat in diens geneem of ontslaan is, en die bedrag van die gelde wat betaal is, aangegee word.

(3) Geen gelde is betaalbaar in gevalle waar 'n indiensneming of ontslag andersins as voor 'n bevoegde beampte plaasvind nie.

BYLAE.

GELDE BETAALBAAR VIR DIE INDIENSNEMING OF ONTSLAG VAN SEELUI.

(1) Vir die indiensneming of ontslag van enkele seelui: 1s. 6d. per man.

(2) Vir die indiensneming of ontslag van 'n bemanning—

(*a*) vir elk van die eerste 100 man: 1s. 3d. per man.

(*b*) vir elke man bo 100 tot en met 200: 1s. per man.

(*c*) vir elke man bo 200: 6d. per man.

[NOTE.—The following definition which appears in section *two* of the Act is quoted for information:—

* "proper officer" means the officer designated by the Minister to be the proper officer at the place and in respect of the matter to which reference is made in the provision of this Act in which the expression occurs; or if no such designation has been made—

(*a*) at a place in the Union, the chief officer of customs; or

(*b*) at a place outside the Union but within a part of the Commonwealth, the person who, in terms of the law in force in that part of the Commonwealth, is entrusted with the function or burdened with the duty to which reference is made in the provision of this Act in which the expression occurs; or if there be no such person, the person indicated in paragraph (*c*) of this definition; or

(*c*) at a place outside the Commonwealth, in the following order:—

(i) a consular representative of the Union; or

(ii) a diplomatic representative of the Union; or

(iii) a consular representative of a country (other than the Union) which is a member of the Commonwealth; or

(iv) a diplomatic representative of a country (other than the Union) which is a member of the Commonwealth.

* It is proposed to seek the Minister's authority to designate the following officers as "proper officers" in the Union:—

At Cape Town and Durban: The Principal Officer of the Marine Survey Office.

At Port Elizabeth and East London: The Shipping Master.

At Mossel Bay, Port Nolloth, Luderitz and Walvis Bay: The Collector of Customs.]

WHO SHALL PAY FEES.

3. (1) The master of a South African foreign-going ship, and the master or owner as the case may be of a South African coasting ship, fishing, sealing or shore-based whaling boat, when entering into an agreement with the crew or when subsequently engaging single seamen, shall upon the engagement of the crew or single seamen pay the appropriate fees as set forth in the Annexure hereto.

(2) The master of a South African foreign-going ship, and the master or owner of a South African coasting ship, fishing, sealing or short-based whaling boat who has entered into an agreement with the crew, shall upon the discharge of the crew or of single seamen pay the appropriate fees as set forth in the Annexure hereto.

PAYMENT OF FEES.

4. (1) Fees for the engagement and discharge of crews or single seamen shall be paid at the time of engagement or discharge and shall be paid to the proper officer before whom the engagement or discharge takes place.

(2) When payment has been made, the proper officer shall issue to the payee a receipt containing the name of the master or owner who paid the fees, the name and official number of the ship and its net register tonnage, the number of the crew or single seamen engaged or discharged, and the amount of the fees paid.

(3) No fee shall be paid in cases where engagements or discharges take place otherwise than before a proper officer.

ANNEXURE.

FEES FOR THE ENGAGEMENT AND DISCHARGE OF SEAMEN.

(1) For the engagement or discharge of single seamen: 1s. 6d. per man.

(2) For the engagement or discharge of crews:—

(*a*) For each of the first 100 men: 1s. 3d. per man.

(*b*) For each man above 100 up to and including 200: 1s. per man.

(*c*) For each man above 200: 6d. per man.

Die Staatsdrukker, Pretoria. | The Government Printer, Pretoria.

UNIE VAN SUID-AFRIKA
UNION OF SOUTH AFRICA

BUITENGEWONE EXTRAORDINARY

Staatskoerant
Government Gazette

(As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer) (Registered at the Post Office as a Newspaper)

VOL. CLXXXIX.] PRYS 6d. PRETORIA, 26 JULIE 26 JULY 1957. PRICE 6d. [No. 5920.

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS.

Onderstaande Goewermentskennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer:—

DEPARTEMENT VAN ARBEID.

No. 1131.] [26 Julie 1957.

WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956.

PADPASSASIERSVERVOERNYWERHEID, KIMBERLEY.

Ek, PAUL OLIVER SAUER, Waarnemende Minister van Arbeid, verklaar hierby—

(*a*) kragtens paragraaf (*a*) van subartikel (1) van artikel *agt-en-veertig* van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, dat al die bepalings van die Ooreenkoms wat in die Bylae hierby verskyn en op die Padpassasiersvervoernywerheid betrekking het, van die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing af en vir die tydperk wat een jaar van genoemde tweede Maandag af eindig, bindend is vir die werkgewer en die vakvereniging wat genoemde Ooreenkoms aangegaan het en vir die werknemers wat lede van daardie vereniging is;

(*b*) kragtens paragraaf (*b*) van subartikel (1) van artikel *agt-en-veertig* van genoemde Wet, dat die bepalings in klousules 3 tot en met 6, 7 (*c*) tot en met 13, 15, 16 en 19 van genoemde Ooreenkoms vervat, van die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing af en vir die tydperk wat een jaar van genoemde tweede Maandag af eindig, bindend is vir alle ander werkgewers en werknemers as dié vermeld in paragraaf (*a*) van hierdie kennisgewing, betrokke by of in diens in genoemde Nywerheid in die munisipale gebied Kimberley; en

(*c*) kragtens paragraaf (*a*) van subartikel (3) van artikel *agt-en-veertig* van genoemde Wet, dat die bepalings in klousules 3 tot en met 6, 7 (*c*) tot en met 13, 15, 16 en 19 van genoemde Ooreenkoms vervat, van die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing af en vir die tydperk wat een jaar van genoemde tweede Maandag af eindig, in die munisipale gebied Kimberley *mutatis mutandis* bindend is vir alle Naturelle in diens in genoemde Nywerheid by dié werkgewers vir wie enige sodanige bepalings ten opsigte van werknemers bindend is en op daardie werkgewers ten opsigte van Naturelle in hul diens.

P. O. SAUER,
Waarnemende Minister van Arbeid.

GOVERNMENT NOTICES.

The following Government Notices are published for general information:—

DEPARTMENT OF LABOUR.

No. 1131.] [26 July 1957.

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956.

ROAD PASSENGER TRANSPORT INDUSTRY, KIMBERLEY.

I, PAUL OLIVER SAUER, Acting Minister of Labour, do hereby—

(*a*) in terms of paragraph (*a*) of sub-section (1) of section *forty-eight* of the Industrial Conciliation Act, 1956, declare that all the provisions of the Agreement which appears in the Schedule hereto and which relates to the Road Passenger Transport Industry, shall be binding from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending one year from the second Monday, upon the employer who and the trade union which entered into the said Agreement and upon the employees who are members of that trade union;

(*b*) in terms of paragraph (*b*) of sub-section (1) of section *forty-eight* of the said Act, declare that the provisions contained in clauses 3 to 6 (inclusive), 7 (*c*) to 13 (inclusive), 15, 16 and 19 of the said Agreement shall be binding from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending one year from the said second Monday, upon all employers and employees other than those referred to in paragraph (*a*) of this notice, engaged or employed in the said Industry in the Municipal Area of Kimberley; and

(*c*) in terms of paragraph (*a*) of sub-section (3) of section *forty-eight* of the said Act, declare that in the Municipal Area of Kimberley and from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending one year from the said second Monday, the provisions contained in clauses 3 to 6 (inclusive), 7 (*c*) to 13 (inclusive), 15, 16 and 19 of the said Agreement shall *mutatis mutandis* be binding upon all Natives employed in the said Industry by the employers upon whom any of the said provisions are binding in respect of employees, and upon those employers in respect of Natives in their employ.

P. O. SAUER,
Acting Minister of Labour.

BYLAE.

NYWERHEIDSRAAD VIR DIE PADPASSASIERSVERVOER-NYWERHEID, KIMBERLEY.

OOREENKOMS

ingevolge die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, gesluit en aangegaan tussen die

Kimberley Bus Services (Pty.), Ltd.

(hieronder die „werkgewer" genoem), aan die een kant, en die

Kimberley Transport Workers' Union

(hieronder die „werknemers" of die „vakvereniging" genoem), aan die ander kant,

wat die partye is by die Nywerheidsraad vir die Padpassasiersvervoernywerheid, Kimberley.

1. Bestek van toepassing van Ooreenkoms.

Die bepalings van hierdie Ooreenkoms moet in die munisipale gebied Kimberley nagekom word deur die werkgewer asook lede van die vakvereniging wat by die Padpassasiersvervoernywerheid in die munisipale gebied Kimberley in diens is en vir wie lone in hierdie Ooreenkoms voorgeskryf word.

2. Geldigheidsduur van Ooreenkoms.

Hierdie Ooreenkoms tree in werking op 'n datum wat die Minister van Arbeid kragtens subartikel (1) van artikel *agt-en-veertig* van die Wet vasstel en bly vir 'n tydperk van een jaar van krag of vir sodanige tydperk as wat hy kan bepaal.

3. Woordomskrywings.

Enige uitdrukkings wat in hierdie Ooreenkoms gebesig en in die Wet omskryf word, het dieselfde betekenis as in daardie Wet; enige verwysing na die Wet omvat 'n wysiging van sodanige Wet, en tensy die teenoorgestelde bedoeling blyk, omvat woorde wat die manlike geslag aandui ook vrouens; voorts, tensy dit strydig met die samehang is, beteken—

„Wet", die Wet op Nywerheidsversoening, 1956.

„kondukteur", 'n persoon wat aan die werkgewer verantwoordelik is vir die invordering van passasiersgelde, veiligheid van passasiers en die stiptheid van 'n passasiersvoertuig wat in diens is;

„Raad", die Nywerheidsraad vir die Padpassasiersvervoernywerheid, Kimberley, wat kragtens artikel *negentien* van die Wet geregistreer is;

„klerklike werknemer", 'n werknemer wat uitsluitlik of hoofsaaklik skryfwerk en/of tikwerk, snelskrif en/of ander klerklike werk verrig en omvat 'n kassier en boekhouer;

„klerklike werknemer, gekwalifiseer," 'n klerklike werknemer met minstens drie jaar ondervinding;

„klerklike werknemer, ongekwalifiseer," 'n klerklike werknemer met minder as drie jaar ondervinding;

„dag", as dit in verband met 'n drywer of kondukteur gebesig word, die tydperk van 24 uur tussen 4 vm. op een dag en 4 vm. op die volgende dag, uitgesonderd in die geval van diensroosters wat op spesiale busse betrekking het, in welke geval die dag uitdruklik in sulke roosters omskryf moet word;

„drywer", enige persoon verantwoordelik teenoor die werkgewer vir die dryf van passasiersvoertuie wat in diens is;

„drywer-kondukteur", 'n drywer wat tydelik in die tweeledige hoedanigheid van drywer en kondukteur, soos uiteengesit in hierdie Ooreenkoms, in diens is;

„diensrooster", 'n rooster wat in besonderhede die roetes en tye aangee wat deur drywers en kondukteurs om die beurt oor 'n tydperk van een of meer weke gewerk moet word;

„inspekteur", 'n beampte wat deur die werkgewer aangestel is om toesig te hou oor die diens van die busse en die werk van die drywers en kondukteurs;

„arbeider", 'n werknemer wat hoofsaaklik of uitsluitlik een of meer van die volgende werksaamhede verrig:—

(*a*) Petrol ingooi, oliebakke leegtap en/of volmaak, batterye uithaal, volmaak en/of weer insit, motorvoertuie was en/of poleer en/of skoonmaak, onderdele van motorvoertuie skoonmaak, lug inpomp, wiele omruil, wiele, motorkappe, bandoortreksels of ander hindernisse vir afwerking afhaal en weer aansit, wiele of vellings, buite- en/of binnebande vir die heelmaak van lekke of vir skilderwerk afhaal en weer aansit, binnebande heelmaak, werk van 'n vulkaniseerder se arbeider, verrig, binne- en/of buitebande aan vellings of wiele aansit en/of omruil en help met sloping van voertuie vir herstelwerk of vir rommel, onder toesig;

(*b*) persele, voertuie, diere, gerei, masjinerie, werktuie gereedskap of ander artikels skoonmaak, voertuie laai en aflaai, goedere dra, verskuif, opstapel en uitpak, pakkette en pakkies sorteer, bottels of ander houers volmaak, deure en vensters oopmaak en toemaak, kiste, bale of ander pakkette oopmaak en toemaak, vuurmaak of vure aan die brand hou, afval of as verwyder, briewe, boodskappe of goedere te voet of met 'n fiets, driewieler of handvoertuig aflewer of vervoer, dierevoertuie of handvoertuie dryf of daarmee help, tee of dergelike dranke maak;

SCHEDULE.

INDUSTRIAL COUNCIL FOR THE ROAD PASSENGER TRANSPORT INDUSTRY, KIMBERLEY.

AGREEMENT

in accordance with the provisions of the Industrial Conciliation Act, 1956, made and entered into by and between the

Kimberley Bus Services (Pty.), Ltd.

(hereinafter referred to as "the employer"), of the one part and the

Kimberley Transport Workers' Union

(hereinafter referred to as "the employees" or "the trade union"), of the other part,

being the parties to the Industrial Council for the Road Passenger Transport Industry, Kimberley.

1. Scope of Application of Agreement.

The terms of this Agreement shall be observed by the employer and members of the trade union engaged in the Road Passenger Transport Industry in the Municipal Area of Kimberley, and for whom wages are prescribed in this Agreement.

2. Period of Operation of Agreement.

This Agreement shall come into operation on a date to be fixed by the Minister of Labour in terms of sub-section (1) of section *forty-eight* of the Act, and shall continue in force for a period of one year or such period as may be determined by him.

3. Definitions.

Any terms used in this Agreement which are defined in the Act shall have the same meanings as in that Act, any reference to the Act shall include an amendment of such Act, and unless the contrary intention appears, words importing the masculine gender shall include females, further, unless inconsistent with the context—

"Act" means the Industrial Conciliation Act, 1956.

"conductor" means any person responsible to the employer for the collection of fares, safety of passengers and proper, timely running of passenger vehicles in service;

"Council" means the Industrial Council for the Road Passengers Transport Industry, Kimberley, registered in terms of section *nineteen* of the Act;

"clerical employee" means an employee who wholly or mainly performs writing and/or typing, shorthand and/or any other form of clerical work, and includes a cashier and bookkeeper;

"clerical employee, qualified," means a clerical employee who has had not less than three years' experience;

"clerical employee, unqualified," means a clerical employee who has less than three years' experience;

"day" means, when used in connection with the working time of a driver or conductor, the period of 24 hours between 4 a.m. on any one day and 4 a.m. on the next succeeding day, except in the case of duty schedules relating to special buses, when the day shall be specially defined in such schedules;

"driver" means any person responsible to the employer for the driving of passenger vehicles in service;

"driver/conductor" means a driver who is temporarily employed in the dual capacity of a driver and conductor as specified in this Agreement;

"duty schedule" means a shedule detailing the routes upon which, and the time during which, drivers and conductors shall work in rotation over a period covering one or more weeks;

"inspector" means an official appointed by the employer to supervise the operation of the buses and the work of the drivers and conductors;

"labourers" means an employee who wholly, mainly or exclusively performs any one or more of the following operations or duties:—

(*a*) Petrol filling, draining oil sumps and/or oil filling, removing, filling and/or replacing batteries, washing and/or polishing and/or cleaning of motor vehicles, cleaning parts of motor vehicles, pumping of air, changing wheels, removing and replacing wheels, bonnets, tyre covers or otherwise any obstruction necessary for finishing operations, removing wheels or rims, tyres and/or tubes for the repair of punctures or painting and replacing them, repairs tubes, performs the work of a vulcanizer's labourer, fitting and/or changing tyres and/or tubes on rims or wheels and assisting in stripping vehicles for repair or scrap, under supervision;

(*b*) cleaning premises, vehicles, animals, utensils, machinery, implements, tools or other articles, loading and unloading vehicles, carrying, moving, stacking and unpacking goods, sorting packages and parcels, filling bottles or other containers, opening or closing doors and windows, opening or closing boxes, bales or other packages, making or maintaining fires or removing refuse or ashes, delivering or conveying letters or messages or goods, on foot or by means of a bicycle, tricycle, or hand-propelled vehicle, driving and assisting with animal-drawn and hand-propelled vehicles, making tea or similar beverages;

(*c*) yster slaan en saag met 'n ystersaag nadat dit deur 'n vakman of vakleerling afgemerk is, gate in yster boor, uitgesonderd in presisiewerk, skroefdraad aan boute sny of yster vyl, plaatyster op aanwysing van 'n vakman of vakleerling met die hand rof saag en deurslaan, hout vir masjinis vashou en dra, klapperhaar en perdehaar uitpluis, werk vir metaalplaatwerker vashou, soldeersel en ou verf van herstelde dele afvyl, skuurpapierbewerking, vulling, grondverf en stopverf afvryf, maskeer, skoonmaak, meng en poleer, ruwe verfstowwe met 'n kwas aan binnekant en onderkant van voertuigbakke verf, asse, remtrommels en onderstelle met 'n kwas verf, waterdigtingverf of seildoek met 'n kwas rof aansmeer;

„ lokasiedrywer, drywer-kondukteur of kondukteur," 'n drywer, drywer-kondukteur of kondukteur, wat by wyse van proef of andersins, werk uitsluitlik in verband met lokasiedienste verrig;

„ nagvoorman ", 'n werknemer wat toesig moet hou oor arbeiders wat snags op diens is, klein herstelwerkies moet uitvoer en geleentheidsbusse gedurende die nag of in 'n noodgeval moet dryf;

„ loonweek ", 'n herhalende weeklikse tydperk van sewe dae wat op Sondae eindig in die geval van drywers, kondukteurs, drywer-kondukteurs en arbeiders, en op Dinsdae ten opsigte van die orige personeel wat weekliks besoldig word, aan wie die werkgewer weeklone betaal;

„ leerlingkondukteur of drywer ", 'n werknemer wat tydelik vir 'n proeftyd van hoogstens drie maande in diens geneem word om die werk van 'n kondukteur of drywer te doen;

„ padpassasiersvervoernywerheid " of „ nywerheid ", die onderneming waarin die werkgewer en die werknemers geassosieer is om enige persoon of persone vir wins oor 'n openbare pad te vervoer deur middel van 'n voertuig (uitgesonderd 'n voertuig onder die beheer van die Administrasie van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens, of 'n munisipaliteit) wat ontwerp is vir ander aandrywing as deur menslike of dierlike krag en wat meer as agt persone, met inbegrip van die drywer van die voertuig, kan vervoer, en omvat persone wat dié voertuig onderhou, skoonmaak, vernuwe, herstel, verander of vervaardig, as dié werk deur die werkgewer onderneem word;

„ diens ", die totale tydperk van ononderbroke diens van 'n werknemer by dieselfde werkgewer in die nywerheid voor of na die datum waarop hierdie Ooreenkoms in werking tree;

„ loodswerker ", omvat enige werknemer, uitgesonderd 'n inspekteur, drywer, afsender, kondukteur of klerklike of administratiewe werknemer;

„ wag ", 'n werknemer wat hoofsaaklik in diens is vir die bewaking van die werkgewer se persele en/of beskerming van die motorvoertuie wat die werkgewer se eiendom is;

„ werktyd ", met betrekking tot dryf of kondukteurswerk, die tydperk iedere dag van die tyd af waarop van die werknemer vereis word, of wat hy volgens die rooster verplig is, om op die bus te klim tot die tyd wat hy dit verlaat, of enige tyd wat hy verplig is om vir diens beskikbaar te wees, plus 'n bykomende tydperk van twee uur per week of 20 minute per dag as tydtoelating om sy uitrusting te kry, die busse te inspekteer, hulle na die vertrekpunt te ry, inbetaling, ens.;

„ werktyd ", met betrekking tot 'n loodswerker, al die tyd wat die werkgewer van die werknemer vereis om vir diens beskikbaar te wees;

„ loon ", 'n werknemer se besoldiging met inbegrip van lewenskostetoelae soos gekonsolideer, maar uitgesonderd enige bykomende lewenskostetoelae, oortyd en spesiale toelaes, hetsy bereken op die uur-, dag- of weekskaal.

4. Lone en besoldiging.

(1) Die minimum loon wat aan ondergenoemde klasse werknemers betaal moet word, is soos volg:—

	Basiese Weekloon.	*Gekonsolideerde 40 persent van lewenskostetoelae.*	*Totaal.*
	£ s. d.	£ s. d.	£ s. d.
(*a*) Inspekteurs.....	6 0 0	1 2 6	7 2 6
(*b*) Klerklike werknemer—			
Gekwalifiseer.....	3 10 0	0 13 4	4 3 4
Ongekwalifiseer.....	2 0 0	0 7 4	2 7 4

(*c*) striking and cutting iron with hacksaw after iron has been marked out by journeyman or apprentice, drilling holes in iron other than precision work, threading of bolts or filing of iron, rough cutting and punching of sheet iron by hand under the direction of a journeyman or apprentice holding up and carrying wood for machinist, teasing, coir and horsehair, holding up work for sheet metal worker, filing of solder and old paint off repaired parts, sandpapering, rubbing down of filing, primer and putty, masking, cleaning, compounding and polishing, painting on rough stuff by brush to inside and underside of motor vehicle bodies, painting by brush or axles, brake drums and chassis, painting by brush rough waterproofing paint on canvas;

" location driver, driver/conductor or conductor," means a driver, driver/conductor or conductor, probationary or otherwise, who is engage solely on work in connection with the location services;

" night foreman " means an employee who is required to supervise labourers on duty at night, carry out minor repairs and drive occasional buses during the night or in emergency;

" pay week " means the weekly recurring period of seven days terminating on Sundays in respect of drivers, conductors, driver/conductors and labourers and on Tuesdays in respect of the rest of the weekly paid staff in respect of which wages are paid each week by the employer;

" probationary conductor or driver " means a person temporarily engaged to carry out the duties of a conductor or driver on probation for a period not exceeding three months;

" Road Passenger Transport Industry " or " Industry " means the undertaking in which the employer and employee are associated for the purpose of transporting for reward over any public road any person or persons by means of any vehicle (other than a vehicle controlled by the South African Railways and Harbours Administration or a municipality) designed for propulsion otherwise than by human or animal power and designated to carry more than eight persons including the driver of such vehicle and shall include persons engaged in the maintenance, cleaning, renovation, repair, alteration or construction of such vehicles, when such work is undertaken by the employer;

" service " means the total period of the continuous employment of an employee with the same employer in the industry prior or subsequent to the date on which this Agreement comes into operation;

" shed employee " includes any employee, other than an inspector, dispatcher, driver, conductor or clerical or administrative employees;

" watchman " means an employee primarily occupied on guarding the premises of the employer and/or protecting the motor vehicles of which the employer is the owner;

" working time " in relation to driving or conducting shall mean the period reckoned each day from the time such employee is required or scheduled to board the omnibus to the time when he leaves it or any time during which he is required to be available for duty, plus an additional period of two hours per week or 20 minutes per day as time allowance for drawing equipment checking up the buses, driving them to the starting point, paying in, etc.;

" working time " in relation to a shed employee shall mean all time during which the employee is required by the employer to be available for duty;

" wage " means the remuneration of an employee inclusive of cost of living allowances as consolidated, but exclusive of any additional cost of living allowance, overtime and special allowances, whether calculated on the hourly, daily or weekly rate.

4. Wages and Remuneration.

(1) The minimum wage that shall be paid to the undermentioned classes of employees shall be as follows:—

	Basic Weekly Wage.	*Consolidated 40 per cent of Cost of Living Allowance.*	*Total.*
	£ s. d.	£ s. d.	£ s. d.
(*a*) Inspectors.....	6 0 0	1 2 6	7 2 6
(*b*) Clerical Employee—			
Qualified.....	3 10 0	0 13 4	4 3 4
Unqualified.....	2 0 0	0 7 4	2 7 4

	Basiese uurloon.	*Gekonsolideerde 40 persent van lewenskostetoelae.*	*Totaal.*
(*c*) Drywers (uitgesonderd dié op lokasiedienste)—	£ s. d.	£ s. d.	£ s. d.
Vir die eerste jaar diens	0 2 5	0 0 5¾	0 2 10¾
Vir die tweede jaar diens	0 2 6	0 0 5¾	0 2 11¾
Vir die derde jaar diens	0 2 7	0 0 6¼	0 3 1¼
Vir die vierde jaar diens	0 2 9	0 0 6¾	0 3 3¾
Vir die vyfde jaar diens	0 2 10	0 0 6¾	0 3 4¾
Vir die sesde jaar diens	0 3 0	0 0 6¾	0 3 6¾
Vir die sewende jaar diens	0 3 1	0 0 6¾	0 3 7¾
Vir die agtste jaar diens	0 3 2	0 0 6¾	0 3 8¾
Vir die negende jaar diens	0 3 3	0 0 6¾	0 3 9¾
Daarna	0 3 4	0 0 6¾	0 3 10¾
(*d*) Kondukteurs (uitgesonderd dié op lokasiedienste)—			
Vir die eerste jaar diens	0 2 4	0 0 5¾	0 2 9¾
Vir die tweede jaar diens	0 2 5	0 0 5¾	0 2 10¾
Vir die derde jaar diens	0 2 6	0 0 5¾	0 2 11¾
Vir die vierde jaar diens	0 2 8	0 0 6	0 3 2
Vir die vyfde jaar diens	0 2 9	0 0 6¾	0 3 3¾
Vir die sesde jaar diens	0 2 10	0 0 6¾	0 3 4¾
Vir die sewende jaar diens	0 2 11	0 0 6¾	0 3 5¾
Vir die agtste jaar diens	0 3 0	0 0 6¾	0 3 6¾
Vir die negende jaar diens	0 3 1	0 0 6¾	0 3 7¾
Daarna	0 3 2	0 0 6¾	0 3 8¾
(*e*) Leerlingdrywers (uitgesonderd dié op lokasiedienste)	0 1 10	0 0 4½	0 2 2½
(*f*) Leerlingkondukteurs (uitgesonderd dié op lokasiedienste)	0 1 5	0 0 3½	0 1 8½
(*g*) Drywers op lokasiedienste—			
Vir die eerste jaar diens	0 1 6¾	0 0 3¾	0 1 10½
Vir die tweede jaar diens	0 1 7½	0 0 4	0 1 11½
Daarna	0 1 9	0 0 4½	0 2 1½
(*h*) Kondukteurs op lokasiedienste—			
Vir die eerste jaar diens	0 1 4	0 0 3	0 1 7
Vir die tweede jaar diens	0 1 4⅝	0 0 3⅛	0 1 8
Daarna	0 1 5½	0 0 3½	0 1 9
(*i*) Leerlingdrywers op lokasiedienste	0 1 3¾	0 0 3	0 1 6¾
(*j*) Leerlingkondukteurs op lokasiedienste	0 0 10⅜	0 0 2 1/16	0 1 0¾

(*k*) Drywer/kondukteur:—

Aan 'n drywer, uitgesonderd 'n drywer wat werk verrig wat ingevolge 'n kontrak met die Suid-Afrikaanse Spoorweë deur die werkgewer uitgevoer word, moet benewens sy gewone loonskaal 'n bedrag betaal word gelyk aan 15 persent van die loon wat kragtens hierdie klousule op hom van toepassing is, wanneer hy as 'n drywerkondukteur werk.

(*l*) Loodswerkers—

	Basiese Weekloon.	*Gekonsolideerde 40 persent van lewenskostetoelae.*	*Totaal.*
	£ s. d.	£ s. d.	£ s. d.
Nagvoorman	6 0 0	1 2 7	7 2 7
Arbeider	1 7 6	0 5 6	1 13 0
Wag	1 10 0	0 5 6	1 15 6

	Basic Hourly Wage.	*Consolidated 40 per cent of Cost of Living Allowance.*	*Total.*
(*c*) Drivers (other than those on location services)—	£ s. d.	£ s. d.	£ s. d.
For the first year of service	0 2 5	0 0 5¾	0 2 10¾
For the second year of service	0 2 6	0 0 5¾	0 2 11¾
For the third year of service	0 2 7	0 0 6¼	0 3 1¼
For the fourth year of service	0 2 9	0 0 6¾	0 3 3¾
For the fifth year of service	0 2 10	0 0 6¾	0 3 4¾
For the sixth year of service	0 3 0	0 0 6¾	0 3 6¾
For the seventh year of service	0 3 1	0 0 6¾	0 3 7¾
For the eighth year of service	0 3 2	0 0 6¾	0 3 8¾
For the ninth year of service	0 3 3	0 0 6¾	0 3 9¾
Thereafter	0 3 4	0 0 6¾	0 3 10¾
(*d*) Conductors (other than those on location services)—			
For the first year of service	0 2 4	0 0 5¾	0 2 9¾
For the second year of service	0 2 5	0 0 5¾	0 2 10¾
For the third year of service	0 2 6	0 0 5¾	0 2 11¾
For the fourth year of service	0 2 8	0 0 6	0 3 2
For the fifth year of service	0 2 9	0 0 6¾	0 3 3¾
For the sixth year of service	0 2 10	0 0 6¾	0 3 4¾
For the seventh year of service	0 2 11	0 0 6¾	0 3 5¾
For the eighth year of service	0 3 0	0 0 6¾	0 3 6¾
For the ninth year of service	0 3 1	0 0 6¾	0 3 7¾
Thereafter	0 3 2	0 0 6¾	0 3 8¾
(*e*) Probationary Drivers (other than those on location services)	0 1 10	0 0 4½	0 2 2½
(*f*) Probationary Conductors (other than those on location services)	0 1 5	0 0 3½	0 1 8½
(*g*) Drivers on location services—			
For the first year of service	0 1 6¾	0 0 3¾	0 1 10½
For the second year of service	0 1 7½	0 0 4	0 1 11½
Thereafter	0 1 9	0 0 4½	0 2 1½
(*h*) Conductors on location services—			
For the first year of service	0 1 4	0 0 3	0 1 7
For the second year of service	0 1 4⅝	0 0 3⅛	0 1 8
Thereafter	0 1 5½	0 0 3½	0 1 9
(*i*) Probationary Drivers on location services	0 1 3¾	0 0 3	0 1 6¾
(*j*) Probationary Conductors on location services	0 0 10⅜	0 0 2 1/16	0 1 0¾

(*k*) Driver/conductor:—

A driver other than a driver engaged on work carried out by the employer in terms of a contract with the South African Railways, when working as a driver/conductor, shall in addition to his ordinary rate of pay be paid an amount equal to 15 per cent of the wage applicable to him in terms of this clause.

(*l*) Shed employees—

	Basic Weekly Wage.	*Consolidated 40 per cent of Cost of Living Allowance.*	*Total.*
	£ s. d.	£ s. d.	£ s. d.
Night foreman	6 0 0	1 2 7	7 2 7
Labourer	1 7 6	0 5 6	1 13 0
Watchman	1 10 0	0 5 6	1 15 6

(2) (*a*) Elke loodswerker wat verplig of toegelaat word om tydelik as drywer of kondukteur te werk, of om twee of meer klasse werk te verrig waarvoor verskillende loonskale voorgeskryf word, moet vir die tyd wat in elke klas gewerk word, minstens die tydloon betaal word wat op die klas werk wat verrig word, van toepassing is; met dien verstande dat aan so 'n werknemer in geen geval 'n laer loon betaal moet word as die loon wat vir die werk waarvoor hy in diens geneem is, voorgeskryf word nie.

(*b*) Van 'n bestuurder kan, na goeddunke van die werkgewer, vereis word om ook die werk van 'n kondukteur te doen.

(3) Behoudens enige aftrekking wat ingevolge klousule 5 van hierdie Ooreenkoms gemagtig word, moet die minimum weekloon van 'n drywer of 'n kondukteur of 'n drywer-kondukteur minstens 48 maal dié van sy uurloon wees, selfs wanneer die werktyd van sodanige werknemer in daardie week minder as 48 uur is.

(4) *Lewenskostetoelae.*—Bo en behalwe die loon voorgeskryf in subartikel (1) van hierdie artikel moet 'n werknemer 'n lewenskostetoelae ontvang wat gelyk is aan 60 persent van die toelae betaalbaar op sy basiese loon ingevolge Oorlogsmaatreël No. 43 van 1942 op die datum van hierdie Ooreenkoms, of van sodanige kleiner toelae as wat van tyd tot tyd voorgeskryf kan word. Ingeval die toelae betaalbaar ingevolge Oorlogsmaatreël No. 43 van 1942 vermeerder word nadat hierdie Ooreenkoms in werking getree het, is die volle bedrag wat sodanige toelae meer is as die toelae betaalbaar aan die werknemer, soos genoem, op die datum van dié Ooreenkoms, ook aan die werknemer betaalbaar.

